Die Voortrekkers

Posbus 12015, Queenswood, 0121
Pierneefstraat 901, Villieria, 0186
Tel 012 329 6011 / 086 613 9913
E-pos hkvoort@iafrica.com
www.houkoers.co.za

Vrydag 26 April 2019

Beste Verkenner/Ouer/Offisier

INSAKE: WILGEDRAAI VOORTREKKERKAMP 2019

Hiermee word jy hartlik uitgenooi na die 32ste Wilgedraai Voortrekkerkamp!

Soos oudergewoonte word Wilgedraai Voortrekkerkamp aangebied op die goue strande van die Vaaldam en bied ons jou die geleentheid om 'n bietjie te kom ontspan voor die laaste kwartaal van die jaar. Wilgedraai is 'n avontuurbelaaide kamp waar almal pret op en langs die koel waters van die Vaaldam het. Tydens Wilgedraai word gespesialiseerde kursusse aangebied onder andere Oewervernuf, Varswaterkunde, Roeikunde, Varswaterhengel, Seilkuns, Kampmedia, Vaandrigte, Motorbootkunde, Ruiterkuns en die "ultimate" Selfbehoud. Hierdie kursusse word aangebied deur 'n span jong dinamiese instrukteurs, wat kundiges op hul onderskeie gebiede is. Daar word gefokus op die ontwikkeling van varswatervaardighede maar meer as dit, die ontwikkeling van jou passie.

Óf jy die volgende Bear Grylls is en óf jy net 'n bietjie wil kom ontspan en saam met jou vriende kuier, by Wilgedraai Voortrekkerkamp sal jy vir jouself 'n plekkie vind – waar die son op jou mag skyn en jy jouself mag wees. As jy reeds op Wilgedraai gekamp het en of jy vir die eerste keer kom kyk wat regtig op Wilgedraai Voortrekkerkamp aangaan: Baie Welkom!

Die inskrywings vir hierdie jaar se kamp is nou beskikbaar. Vir al die kamp se besonderhede, besoek gerus ons webblad by www.wilgedraai.co.za/kampinligting.

Sien jou op Wilgedraai!

Nicol Jacobs

WILGEDRAAI VOORTREKKERKAMP

Tel 083 601 4905 / 082 924 9606
E-pos navrae@wilgedraai.co.za
www.wilgedraai.co.za

Kampleier Nicol Jacobs
Kampsekretaris Nicoleen Thirion
Adjunkkampleiers Jeno Biljon, Susan Moolman, Willem Scholtz